

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Wednesday 30 November 1977 WINDHOEK Woensdag 30 November 1977 No. 3675

CONTENTS:	Page	INHOUD:	Bladsy
<b>PROCLAMATION:</b>		<b>PROKLAMASIE:</b>	
No. AG.11 Executive Powers (Social Welfare and Pensions) Transfer Proclamation, 1977	1	No. AG.11 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Volkswelsyn en Pensioene), 1977	1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 25 November 1977)*

No. AG.11 1977

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND PENSIONS TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 25 November 1977

## SCHEDULE

### Definition

1. In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation No. AG.7 of 1977).

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 25 November 1977)*

No. AG.11 1977

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-Generaal

Windhoek, 25 November 1977

## BYLAE

### Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie No. AG.7 van 1977).

*Transfer of administration of Department of Social Welfare and Pensions*

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Social Welfare and Pensions of the Republic, shall be carried on by the Administrator-General.

*Application of laws*

3. The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

- (a) sections 12 and 50(1) and, in so far as it refers to the Government of the Republic, section 50(2) of the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act 41 of 1971);
- (b) the Military Pensions Act, 1976 (Act 84 of 1976), and the regulations made thereunder;
- (c) the provisions of any law relating to any pension or provident fund or scheme which is administered by the Minister of Social Welfare and Pensions or is otherwise controlled by him, excluding the German War Veterans' Ordinance, 1965, and the Social Pensions Act, 1973.

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Social Welfare and Pensions) Transfer Proclamation, 1977.

*Oordrag van administrasie van Departement van Volkswelsyn en Pensioene*

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtrede van hierdie Proklamasie deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene van die Republiek geadminestreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

*Toepassing van wette*

3. Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

- (a) artikels 12 en 50(1) en, vir sover dit na die Regering van die Republiek verwys, artikel 50(2) van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet 41 van 1971);
- (b) die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet 84 van 1976), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;
- (c) die bepalings van 'n wet wat betrekking het op 'n pensioen- of voorsorgfonds of -skema, uitgesonderd die Duitse Oudstryderspensioenordonnansie, 1965, en die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, wat deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene geadminestreer word of andersins deur hom beheer word.

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Volkswelsyn en Pensioene), 1977.